

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
4 Augustus 1977

Onderwerp: Hier is ek en my kinders
Doopdiens

Lees: Jesaja 8 verse 13 tot 23

Teks: Jesaja 8 vers 18

Sing: Psalm 147 vers 1
Gesang 93
Psalm 128 vers 3

“Jesaja het sedert 740 v.C. vir veertig jaar lank in Juda as profeet opgetree. Dit was in ’n tyd van geestelike agteruitgang. Daar was wel baie godsdienste, maar weinig Godsvrug.

“God het by monde van hierdie profeet gekla: “n Os ken sy besitter en ’n esel die krip van sy eienaar, *maar* Israel het geen kennis nie, my volk verstaan nie.’ (Jes 1:3)

“Toe Jesaja as profeet geroep is, het hy bely: ‘Wee my, ek is verlore! Want ek is ’n man onrein van lippe en woon onder ’n volk wat onrein van lippe is; want my oë het die Koning, die HERE van die leërskaare, gesien!’ (Jes 6:5)

“Jesaja se boodskap het meestal op dowe ore geval. En tog het hy ’n klein kring van hoorders vergader wat onder sy invloed gekom het en besiel was met sy gees. Hierdie mense was sy geestelike kinders, sy familie, wat onder God se vergete volk ’n lig in die duisternis laat skyn het. Met die oog daarop het hy in verrukking verklaar: ‘Hier is ek en die kinders wat die HERE my gegee het - tot tekens en sinnebeelde is ons in Israel’. (Jes 8:18)

“Na aanleiding van hierdie woorde, wil ons enkele gedagtes met u deel oor die Christenfamilie in ’n tyd soos hierdie.

“Die Christenfamilie is ingesluit in die genadeverbond. Die huwelik is ’n Goddelike instelling waarvan die hoofdoel die bestendiging van die familielewe en die opvoeding van kinders in die vrese van die HERE is. God se verlossingsplan en genadeverbond sluit die kinders van gelowe ouers in. Hulle is verbondskinders. God het in die gryse verlede aan Abraham beloof: ‘En Ek sal my verbond oprig

tussen My en jou en jou nageslag ná jou in hulle geslagte as 'n ewige verbond, om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag ná jou.' (Gen 17:7)

“Die sakrament van die Heilige Doop is 'n teken en seël van daardie verbond en van al die beloftes wat daarin opgesluit lê.

“Die beloftes in die Woord van God aangaande die kind is omvattend. Kinders is die voorwerp van God se besondere liefde. Die HERE se belofte aan Abraham en sy kinders was dat Hy vir hulle 'n God sou wees. Dit is ook duidelik uit die Here Jesus se verhouding met kindertjies en hulle verneme plek in sy hart en belangstelling: ‘Laat die kindertjies na My toe kom en verhinder hulle nie, want aan sulkes behoort die koninkryk van God. Voorwaar Ek sê vir julle, elkeen wat die koninkryk van God nie soos 'n kindjie ontvang nie, sal daar nooit ingaan nie. En Hy het sy arms om hulle geslaan, sy hande op hulle gelê en hulle geseën.’ (Mark 10:14-16)

“Op die Pinksterdag toe die Christelike kerk gestig is, het Petrus verklaar: ‘Want die belofte kom julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is, die wat die Here onse God na Hom sal roep’. (Hand 2:39) Die Heilige Gees van God wil in ons kinders se harte woon.

“God seën my saam met my kind na liggaam en siel. Die Psalmdigter druk dit so mooi uit: ‘Hy sal diegene seën wat die HERE vrees, die kleintjies saam met die grotes.’ (Ps 115:13)

“Kinders is dus saam met hulle Christenouers deelgenote van die genade van God en die verlossingswerk van Jesus Christus.

“Elke ouer voel geroepe om sy kind van al die nodige te voorsien in die versorging van sy liggaam en die ontwikkeling van sy verstand. Dit is 'n heilige en ook 'n wetlike plig. Versuim hiervan maak die ouer strafbaar onder die landswet.

“Nóg meer gebiedend is die geestelike versorging van sy kind as verbondskind. Hier moet die ouer se lewe altyd wees: Ek en my kind. Dit moet geld voor die genadetroon van God in gebed; met die oog op die verkryging van Goddelike kennis uit die Woord van God; wat betref die vorming van die Christelike karakter; wat die bywoning van God se huis aangaan; en bo alles wat betref die redding van sy siel.

“Die opdrag van die HERE aan Noag was: ‘Gaan in die ark, jy en jou hele huisgesin’. (Gen 7:1) Dit is ook die opdrag aan elke ouer met die oog op die veiligheid van

sy kind se siel. Die ouer is geroepe om sy kind saam te neem na die Here Jesus en na die Hemel.

“Ouers en kinders moet daaglik saam wees by die huisaltaar, rondom die Woord en voor die genadetroon van God. Daar moet kennis van die Skrif aan hulle meegedeel word. God se seën moet op hulle afgebid word. Hulle moet vermaan en gewaarsku word. Daar moet aan hulle siele gearbei en hulle karakter gevorm word.

“Ouers en kinders moet ook een wees by die openbare eredienste. Die familiebank moet soos in die verlede weer ’n instelling word. Die gewoonte van kerkbesoek moet by hulle aangekweek word. Die ouers moet die kinders daarin voorgaan. As ons nie die voorbeeld stel nie, wat kan ons van hulle verwag as hulle groot word? Die Christenfamilie moet een wees, ook in die vervulling van u en hulle Christelike heilige roeping op aarde.

“Dit was altyd God se metode om die vele deur die weinige te beïnvloed en te wen. Noag en sy familie was vir talle jare ’n skynende lig in die duisternis van verval en sonde.

“Abraham en sy geslag is geroep om tussen God en ’n Godvergete wêreld te staan; en hulle het ’n besondere seën van die HERE ontvang om vir ander ’n seën te wees.

“Jesaja en sy geestelike familie was soos ’n klein gemeente van God onder ’n volk wat Hom misken het. Die HERE het hulle bestem om vir Israel tot teken en voorbeeld te wees en hulle te vermaan: ‘Sê vir die regverdige dat dit met hom goed sal gaan; want die vrug van hul handeling sal hulle eet. Wee die goddelose! Met hom gaan dit sleg; want wat sy hande gewerk het, sal hom aangedoen word.’ (Jes 3:10,11)

“Die Christelike huisgesin het ’n heilige roeping om te vervul in die wêreld. Die gesin moet getuig van die lig, seën en lewe in Jesus Christus. Dit is ’n klein gemeente waardeur Jesus Christus sy werk doen, sy koninkryk uitbrei en sy wil laat geskied.

“Watter mag ten goede of ten kwade setel daar nie in ’n familie nie. Só was dit in die Ou en Nuwe Testamentiese tyd, en só is dit vandag nog. Geen wonder dat Jesus sy aandag so dikwels aan die huisgesin gegee het en hulle met sy Gees besiel het nie. Geen wonder dat die Apostels soos ’n geestelike familiekring was om sy koninkryk voort te plant nie; en dat die woord van ons teks ook op Jesus Christus van toepassing is, toe Hy ten opsigte van sy geestelike

kinders verklaar het: 'Hier is Ek en die kinders wat God My gegee het.' (Hebr 2:13)

"Ons dink aan die huisgesinne van die Nuwe Testament wat sout in die samelewing was: Dié van Martha en Maria; en Maria die moeder van Markus in Jerusalem. Ons dink aan families wat onberekenbare dienste aan die kerk en die sending bewys het, soos die Edwards in Amerika, die Wesley's in Engeland, die Hofmeyers en Albertyns en so meer in ons eie vaderland. Ja, dit is God se metode in die algemeen om die wêreld deur toegewyde families te red.

"Christenouer, God het 'n plan en doel met u huisgesin. Hy wil hê dat dit 'n klein gemeente, 'n ligdraer, 'n strydensbende sal wees in die opbou van Sion se mure en as 'n vesting teen die magte van Satan. Sê dan met die hulp van die HERE: 'Hier is ek en die kinders wat die HERE my gegee het'.

"En hoe heerlik is die vooruitsig as u as ouers eenmaal in die Hemel sal kan sê: 'Hier is ek en die kinders wat die HERE my gegee het'.

"Dit moet die salige hoop van alle vrome ouers wees. Dit moet 'n gedurige aansporing vir hulle wees om die huisgesin só te bou dat almal eenmaal bymekaar sal wees in die Vaderhuis en dat geeneen gemis sal word nie. God help u almal daartoe.

"Amen."